VALLEI ORGANIES
People you can trust ~ Equipment you can count on

NEETHLING FOUNDATION

HELPJAG

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# Van Wingerd tot Jagveld

## — WYNVEILING —

DONDERDAG, 30 JULIE 2026
18:30 VIR 19:00
KLEINKAAP BOTIQUE HOTEL

WOES TV LEGENDES

BRAND CORE SOLUTIONS

# HOEKOM WINGERD TOT JAGVELD?

HelpJag en Neethling Foundation het hande gevat in samewerking met Woes tv om vir die eerste keer ’n wynveiling in Pretoria aan te bied.

Hierdie unieke ervaring beloof om enig in sy soort te wees in terme van ’n Wynveiling met die beste wyne vanuit die Boland en Breërivier omgewing.

Fondsinsamelingsinisiatiewe soos die speel ’n deurslaggewende rol tot die volhoubaarheid van gemeenskapsontwikkeling. Dit bring mense bymekaar vir ’n gedeelde doel van gemeenskapskrag, samewerking en hoop.

# WIE IS HELPJAG?

HelpJag is 'n inisiatief van Solidariteit Helpende Hand wat hul voedingsprojekte aanvul deur te verseker dat proteïene in die vorm van wildsvleis deel vorm van voedselhulp aan behoeftige instansies. Jagters word aangemoedig om bokke of wildsvleis aan HelpJag te skenk. HelpJag dra dan die koste van verwerking voordat die vleis na instansies binne Afrikaanse gemeenskappe versprei word.
HelpJag het die afgelope nege jaar meer as 280 ton wildsvleis ingesamel, verwerk en versprei – 'n tasbare bewys van wat moontlik is wanneer gemeenskappe saamstaan.

# WIE IS NEETHLING FOUNDATION?

Geagte vriende en gemeenskap
Die Neethling Foundation het ontstaan uit die oop hand en sagte hart van Siebert Neethling van Vallei Organies. Sy nalatenskap leef voort in elke lewe wat aangeraak word en elke gemeenskap wat versterk word. Wat begin het as 'n eenvoudige idee om gholf met teruggee te verbind, het gegroei tot 'n baken van hoop en deernis in en om Worcester.
Sedert die eerste Siebert Neethling Charity Cup in November 2023 is meer as R750 000 ingesamel en doelbewus teruggeploeg in die Boland-gemeenskap. Projekte sluit onder andere ondersteuning aan die Tuindorp Behuisingsvereniging en die ASD Sean Kelly Sentrum in, waar opgraderings en herstelwerk 'n tasbare verskil gemaak het.
In 2026 fokus die Neethling Foundation op die De La Bat Skool vir Dowe Jeug, met die opgradering van koshuise se geriewe en grondherwinning om volhoubare voedselproduksie moontlik te maak. Die doel is 'n blywende, betekenisvolle impak op die lewens van jong leerders.

Met opregte dankbaarheid
*Die Neethling Foundation*

# WIE IS WOES TV

WOES TV het in die Grendel tydperk ontstaan met die doel om kunstenaars te help in ‘n tyd wat optredes voor gehore, wat hul hoof inkomste is, weggeneem was. Vinnig het die nood van skole en ander instansies, wat nie die normale fondsinsamelings kon hou nie, deel van hierdie program geraak waar Woes gedurende die grendel tyd meer as R30 miljoen vir kunstenaars, skole en instansies help insamel het.

Die aanbieder, Jaco van Dyk, neem die kykers op ‘n emosionele reis van musiek, legendariese stories, lootjies en veilings. Woes TV het na die grendel tyd uitgebrei na lewendige optredes wat vir die kykers die geleentheid gee om die konserte by te woon en ook sodoende hul skool of instansie te ondersteun.

# GEAGTE ADVERTEERDER

In uitdagende tye soos hierdie, is dit belangrik om jou advertensiebegroting reg te spandeer. WOES Tv het in die grendeltyd ontstaan met die doel om fondse in te samel vir kunstenaars, maar dit het gou uitgebrei na skole, instansies en sportklubs.

In 6 jaar het WOES Tv gegroei tot een van die gewildste fondsinsamelingoplossings en kon reeds in totaal al meer as R60 miljoen help insamel vir kunstenaars, skole, instansies en sportklubs.

Die energieke aanbieder, Jaco van Dyk, neem kykers op ‘n emosionele reis met musiek, legendariese geselspanele, lootjies en veilings! WOES Tv het in 6 jaar tot meer as 150 000 volgelinge op sosiale media gegroei, en groei steeds soos die gewildheid net nóg meer toeneem. Tans bereik Woes TV tussen 1 miljoen tot 2 miljoen mense, elke 28 dae op sosiale media. Dit gee jou handelsmerk dus die geleentheid vir fenomenale blootstelling.

Deur op WOES Tv te adverteer ondersteun jy nie net die skool, instansie of sportklub nie, jy gee ook jou handelsmerk aansienlike goeie blootstelling teen ’n fraksie van die koste wat hierdie tipe blootstelling gewoonlik beloop. Gedurende die WOES Tv-programme verskyn jou handelsmerk saam met top Suid-Afrikaanse kunstenaars en legendes op skerm. Hou die WOES Tv platforms dop vir meer inligting!



# Raak betrokke

Ons doen hiermee vriendelik ’n beroep op u en/of u maatskappy om te oorweeg om betrokke te raak by die geleentheid en só ’n direkte bydrae te lewer tot hoop en waardigheid.




01

# BUFFEL-PAKKET -R30 000-

Hierdie pakket se handelsmerk word prominent geposisioneer tydens die eksklusiewe wynveiling.

Die pakket sluit die volgende in:

- ’n eksklusiewe tafel vir 8 gaste tydens die geleentheid;
- wyn vir die tafel;
- prominente bemarkingsregte in die lokaal in samewerking met HelpJag en die Neethling Foundation;
- geleentheid om bemarkingsmateriaal of inligtingstukke op tafels te plaas;
- handelsmerkblootstelling op die verhoog saam met HelpJag en Neethling Foundation;
- ‘n onderhoud tydens die geleentheid wat op WOES TV se sosiale media sal verskyn, insluitend 'n skakel na die borg se webblad;
- vermelding in voorafbemarking op HelpJag en WOES TV se Facebook-bladsye, sowel as erkenning tydens die geleentheid;
- se handelsmerk sal roterend tydens die geleentheid op die skerm verskyn;
- die geleentheid om vier video-advertensies van 30–60 sekondes elk tydens die geleentheid te vertoon (video’s deur borg verskaf)
- die video-advertensies word op die WOES Tv sosiale media platform geplaas met ‘n skakel na die webblad in die week na die betrokke program;
- handelsmerk verskyn in die gedrukte programboekie & gedrukte tafelnommer.



# IMPALA-PAKKET -R15 000-

Hierdie pakket bied betekenisvolle sigbaarheid, strategiese blootstelling en direkte betrokkenheid aan vier handelsmerke tydens die geleentheid.

Die pakket sluit die volgende in:

- ’n eksklusiewe tafel vir 8 gaste tydens die geleentheid;
- wyn vir die tafel;
- geleentheid om ’n banier in die lokaal tydens die geleentheid te vertoon.
- geleentheid om bemarkingsmateriaal of inligtingstukke op tafels te plaas;
- handelsmerkblootstelling op die verhoog saam met HelpJag en Neethling Foundation;
- ’n onderhoud tydens die geleentheid in ’n informele omgewing, wat op WOES TV se sosiale media sal verskyn, insluitend 'n skakel na die borg se webblad;
- vermelding in voorafbemarking op HelpJag en WOES TV se Facebook-bladsye, sowel as erkenning tydens die geleentheid;
- se handelsmerk sal roterend tydens die geleentheid op die skerm verskyn;
- die geleentheid om ‘n video-advertensie van 30–60 sekondes tydens die geleentheid te vertoon (video deur borg verskaf); die video-advertensie word op die WOES Tv sosiale media platform geplaas met ‘n skakel na die webblad in die week nadie betrokke program;
- handelsmerk verskyn in die gedrukte programboekie & gedrukte tafelnommer.

## 03 BESPREEK 'N TAFEL -R2 800-

Die pakket sluit die volgende in:

- ‘n tafel vir 8 gaste tydens die geleentheid;
- te, vertoning en veiling;
- kontantkroeg beskikbaar.

## 04 HANDELSMERK-PAKKET -R3000-

Die pakket sluit die volgende in:

- handelsmerk sal roterend tydens die geleentheid op die skerm verskyn;
- handelsmerk verskyn in die gedrukte programboekie & gedrukte tafelnommer

## 05 HANDELSMERK - EN TAFELPAKKET -R5000-

Die pakket sluit die volgende in:

- ‘n tafel vir 8 gaste tydens die geleentheid;
- ete, vertoning en veiling;
- kontantkroeg beskikbaar;
- handelsmerk sal roterend tydens die geleentheid op die skerm verskyn;
- handelsmerk verskyn in die gedrukte programboekie & gedrukte tafelnommer.

## 06 VIDEO-PAKKET -R6 000-

Die pakket sluit die volgende in:

- handelsmerk sal roterend tydens die geleentheid op die skerm verskyn;
- die geleentheid om ‘n video-advertensie van 30–60 sekondes tydens die geleentheid te vertoon (video deur borg verskaf)
- die video-advertensie word op die WOES Tv sosiale media platform geplaas met ‘n skakel na die webblad in die week na die betrokke program;
- handelsmerk verskyn in die gedrukte programboekie & gedrukte tafelnommer.

## 07 VIDEO-EN TAFELPAKKET -R7 500-

Die pakket sluit die volgende in:

- ’n tafel vir 8 gaste tydens die geleentheid;
- ete, vertoning en veiling;
- kontantkroeg beskikbaar.
- handelsmerk sal roterend tydens die geleentheid op die skerm verskyn;
- die geleentheid om ‘n video-advertensie van 30–60 sekondes tydens die geleentheid te vertoon (video deur borg verskaf)
- die video-advertensie word op die WOES Tv sosiale media platform geplaas met ‘n skakel na die webblad in die week na die betrokke program;
- handelsmerk verskyn in die gedrukte programboekie & gedrukte tafelnommer.

ADDISIONELE BYDRAES DONASIES WORD VERWELKOM.

'N ARTIKEL 18A-BELASTINGSERTIFIKAAT SAL VIR DONASIES UITGEREIK WORD.

WOES TV LEGENDES

BRAND CORE SOLUTIONS

VALLEI ORGANIES
People you can trust ~ Equipment you can count on

NEETHLING FOUNDATION

HELPJAG

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING



# BY VOORBAAT DANKIE VIR DIE ONDERSTEUNING!

## KONTAKPERSOON - HELPJAG:

MARGOLÉ RIEKERT/074 488 0508/ MARGOLE@HELPJAG.CO.ZA

## KONTAKPERSOON - NEETHLING FOUNDATION:

DIVAN MAASZ / 071 675 3548 / DIVAN@VALLEIORGANIES.COM